# Tafnuus: Desember 2024

## Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede

Hierdie is my laaste nuusbrief as voorsitter. Aan die een kant het ek bietjie heimwee, want dit was vir my lekker om die afgelope 2 jaar voor te vat en my visie met julle te deel. Aan die ander kant is dit goed om ’n tree terug te staan en vir ’n volgende leier die kans te bied om die klub te lei. Wat ek wel weet, is dat die voorsitter maar niks anders as ’n dirigent van die orkes (klub) is nie. Die orkes maak die musiek. Elke lid van die klub is die belangrikste en sorg dat dinge gebeur. Die nuwe voorsitter is Juliane van Dyk en die klub is in baie goeie leierskapshande!! Baie sterkte vir Juliane en die bestuur !!!!

Tafelbergklub is werklik ’n spesiale groep mense. Ek dink almal se saamwees om hulle passie uit te leef en hulle betrokkenheid by mekaar en by die klub maak dit besonders. Lede gee nie net om vir fotografie nie , maar ook wil ander help met hulle fotografie. Ek dink ook die feit dat ons daarin slaag dat ons ’n kultuur geskep het dat ons eie ego’s vir ons minder belangrik is as ons passie vir fotografie. Ons gun mekaar die prestasies en vordering.

Toe ek in einde 2022 voorsitter geword het, het die bestuur en ek saam gesels oor wat moet ons as klub bereik: Ons het die volgende vir mekaar gesê:

- Ons wil ’n klub wees waar elke fotograaf (beginner, stokperdjiefotograaf, gevorderd of professioneel) hulself kan uitleef en tuis voel.
- Ons wil ’n klub wees wat fotografie ernstig opneem!
- Ons wil probeer om almal betrokke te kry en hulle genres te kan uitleef
- Maar die raamwerk van ons passie is : Ons MOET dit geniet!!! Dit MOET n lekker klub wees en dit moet vir ons lekker wees. Ons wil foto vriende wees vir mekaar!
- ***My persoonlike lewensfilosofie is om myself nie te ernstig op te neem nie, maar dit wat ek doen of waarmee ek besig met erns te doen. So glo ek ook –dit is die klub se geheime resep- Ons neem onself nie ernstig op nie, maar ons is ernstig oor fotografie!!***
  ***Die klub werk omdat ons nie egos het nie. Ons werk hard vir mekaar en geniet dit! Dit gaan nie oor indiwidue nie – maar met alles word elke indiwidu beter fotograaf!***

**Dit was ’n voorreg om voorsitter van Tafklub te wees en ek dank ons Hemelse Vader dat Hy ons geseën het**

**Persoonlik:** Julle moet my maar die een keer verdra as ek iets persoonliks met julle deel. Ek het nog altyd die wete dat fotografie vir my baie meer as net fotos is. Ek dink almal in die klub voel so – elkeen kry op sy manier vreugde in n aspek van fotografie wat jou lewe beïnvloed. Daarom kan fotograwe soms vir ure staan en fotos neem om dalk daai een goeie foto te kry, maar die ervaring om waar te neem is so groot dat jy nie omgee dat jy soms nie een goeie foto het om te wys nie.

Vir my is ’n foto ’n belewenis om God se skepping raak te sien. **Fotografie is vir my ’n spirituele belewenis**. In elke foto se unieke kreatiwiteit, ervaar ek God se teenwoordigheid. In elke vorm, elke lyn, elke emosie en elke foto se hantering van lig, kleur en water – ervaar ek iets van my verbintenis aan ons skepper-God.

## 1. WEN-FOTO’S VAN NOVEMBER 2024- VASTE KATEGORIE - VOËLS

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Gaint with Lunch – Christo Giliomee**<br>**Wenner: Vaste kategorie en Maandwenner** | **Soek Landingsplek: Adriaan van Zyl**<br>**2de Vaste kategorie** |
|  |  |
| **Conversation: Fransonette Swart**<br>**Wenner: Ope kategorie** | **Impressions: Rudolf Hiemstra**<br>**2de Ope kategorie** |
|  | |
| **Kissing- Cobus Carstens**<br>**Junior Wenner** | |

### Baie geluk aan die Maandwenners!!!!

## 2. KLUB PRESTASIE:

2.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):**

- Die syfers is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. **Baie geluk aan elkeen!!!**

| **Naam** | **HCPS** | **Tygerberg** | **Springs** | **PSSA Up/coming** |
|---|---|---|---|---|
| Neels Beyers | 5 | 1 | 4 | |
| Hendi Barnard | 1x Meriete | | | 1 |
| Phillip de Lange | | 3 | | |
| Louise de Lange | | 3 | 1 | |
| Christo Giliomee | 6 | 1 Meriete en 3 | 7 | |
| Niel Goslett | | 2 Meriete en 9 | 1 Silwer Medalje en 8 | |
| Quintus Heine | 1 Meriete en 5 | 1 Silwer Medalje en 4 | 2 Silwer medaljes, 1 Meriete en 1 | |
| Theo Potgieter | 1 Meriete en 3 | 7 | 1 Silwer medalje, 1 Meriete en 4 | |
| Juliana van Dyk | 1 Meriete en 10 | 2 Meriete en 4 | 7 | |
| Adriaan v Zyl | 1 Meriete en 4 | 4 | 6 | |
| Karen v Zyl | 2 | 3 | 4 | |
| Mariana Visser | 2 | 4 | 2 | |
| Charmaine Venter | 1 | | | |
| Kathy Smith | | | 1 | 1 Meriete en 5 |
| Frank Smith | | | 1 | |
| Julia Marinescu | | | | 2 |
| Thomas Bothe | 2 | | | |
| Alexa Bothe | | | | 2 |
| Jean Rheder | | | 1 Meriete | |
| Lizhan Ruschenbaum | | | | 7 |

**2.2 Stergradering:**

- Christo Giliomee word bevorder vanaf 'n Meester Brons na Meester Silwer fotograaf
- Anre Uys word vanaf 1 na 2 ster bevorder.

**2.3 Honours** : Juliane van Dyk het haar DPSSA verwerf

Baie geluk aan bogenoemde lede

## 3. PROGRAM 2025

Die program vir 2025 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is binnekort op ons webtuiste aangebring. [www.tafklub.co.za](http://www.tafklub.co.za)

**Hier is die program vir 2025. Teken dit asb. so in jou dagboek aan.**
**Hierdie slegs 'n opsomming - Aan die einde van Des. sal 'n gedetailleerde program op ons webtuiste verkrybaar wees . Daar is altyd die moontlikheid van 'n datum wat kan verander, maar dit sal betyds gekommunikeer word.**

**TAFKLUB JAARPROGRAM 2025 (Samevatting)**

| Maand | Kompetisie Tema | Kort Omskrywing van Tema (Sien webwerf ) | Kompetisie Datum | Inhandig | Vaardigheid tema | Datum Vaardigheidsaand | Moontlike Uitstappies | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | **Gedrukte** fotos | Slegs gedrukte fotos . 2 kategoriee van Mono en kleur. | 21 Januarie | **16 Januarie** | Hoe om my salonaanvaardings te verbeter | 21 Januarie | 25-Jan | TBC |
| Februarie | Toer en straat fotografie | Ons erfenis, eg Suid Afrikaans. Geen manipulasie. Kleur | 18 Februarie | **12 Februarie** | Triptiek en Mono | 4 Februarie | 08-Feb | Muizenberg / St James / Kalkbaai ( Old town & Historical buildings) |
| Maart | Triptiek | Triptiek is 'n kunswerk wat uit drie fotos bestaan wat verwant is. Mono of kleur. Manipulasie toegelaat | 18 Maart | **12 Maart** | Sport en Fotojoernalistiek | 4 Maart | 08-Mar | Moto X @ Zone 7 |
| April | Sport en PJ | Beklemtoon beweging, kan ook met panning, ICM en stadige sluiter spoed doen. Geen manipulasie. | 22-Apr | **16-Apr** | Astro fotografie | 1 April | 12-Apr | Winelands motor Museum - |
| Mei | Mono | Klem op tekstuur, lyn/vorm/gemoedstemming vir sterk komposisie. Manipulasie toegelaat. Mono | 20 Mei | **14 Mei** | Fine Art (Perspektief ens.) | 6 Mei | 10-May | Ou Stellenbosch |
| Junie | Perspektief | Verskeie/Grote/afstand /distorsie. Manipulasie toegelaat. Kleur | 17 Junie | **11 Junie** | Stillewe (in Outydse kuns) | 3 Junie | 14-Jun | Praktiese table top workshop ?? |
| Julie | Stillewe in Outydse kuns | Stillewe, kos, produkte, speelgoed, implemente ens. Kan bv. Wees "in my kombuis" Ou Meesters of outydse effek. Manipulasie toegelaat in kleur | 15 Julie | **9 Julie** | Scapes | 1 Julie | 12-Jul | Muizenberg / St James / Kalkbaai |
| 25-27 Julie | Wegnaweek | | | | | | | |
| Augustus | WinterLandskap/ Astro | Winterlandskap en Astro. Manipulasie toegelaat . Kleur | 19 Augustus | **13 Augustus** | Kreatief/Blomme (o.a. stacking) | 5 Augustus | 09-Aug | Vergelegen / Lourensford se tuine |
| September | Blomme | Kan kreatief wees Bv. ICM/ composites / Adamski / Orton/ Focus stacking/ Makro/landskap. Manipulasie toegelaat. Kleur | 16-Sep | **10-Sep** | Panning/ Beweging | 2 September | 13-Sep | TBC |
| Oktober | Natuur, wildlewe | Slegs aksie in fotos.Geen manipulasie. Kleur | 21 Oktober | **15 Okt** | Portrette | 7 Oktober | 11-Oct | Praktiese portret sessie |
| November | Portrette | Mense & Diere. Manipulasie toegelaat. Mono en kleur | 18 November | **12-Nov** | Studio beligting/ Flash fotografie | 4 November | 08-Nov | TBC |
| November | Jaarafsluiting | | 28-Nov | | | | | |

**Opmerkings oor Jaapbeplanning:**

- Daar sal weer 3 maande wees wat ons nie by Logos bymekaarkom (Jun. Jul. en Aug.) Dan sal daar slegs Zoom wees. Die res word by Logos (lewend en op Zoom) aangebied (Hibried)
- Die Fotografie wegnaweek is by Utopia (25-27 Julie 2025 ) – Dis sowat 10km (goeie grondpad) buite Swellendam op Bonnievale pad. So 200km uit Bellville – Kyk gerus op hulle facebook blad. Bespreek reeds in Jan jou plek asb? Daar is kamp sowel as selfsorg huisies. Meer inligting daaroor in die Jan/Feb. nuusbrief. Daar is wonderlike fotografie-geleenthede in die omgewing.
- Beoordelaars, Sprekers en Uitstappies sal maandeliks aangekondig word. Teken asb. alles datums aan !
- Uitstappies en Vaardigheidsaande beloof om weer uit die boonste rakke te wees!!!
- Daar sal deur die jaar mentorskap-programme en sessies vir lede wat wil verbeter gehou word. Daarvoor sal betyds kennis in die nuusbrief gegee word.

## 4. JANUARIE 2025: BYEENKOMS

### 4.1 Kompetisie Januarie :

- Die maand se klubkompetisie is **<u>21 Januarie</u>** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **<u>16 Januarie</u>.** Die byeenkoms is by Logos en sal ook geZoom word.
  **Die enigste fotos wat Januarie ingeskryf kan word, is gedrukte fotos**. Daar is slegs twee gedrukte kategorieë naamlik -Mono en Kleur. Soos altyd kan jy nie meer as 4 fotos inskryf nie.
  **Dit is ons enigste gedrukte kompetisie in 2025.** Ons doel is om klublede voor te berei vir die paar gedrukte salonne wat in die eerste helfte van die jaar is . Ons versoek dus dat jy gedrukte fotos sal inskryf wat jy nog nie voorheen by salonne ingeskryf het nie. Die fotos wat jy hier inskryf kan jy net so bere en gebruik by ten minste drie salonne. Op die manier help ons lede fokus op die gedrukte fotos en help ons hulle ook koste bespaar. Dit is 'n goeie oefening om van jou beste fotos te laat druk. Kyk op ons webtuiste vir die vereistes van gedrukte fotos. Dit kan in A4 of A3 wees. 'n Gemonteerde foto gee altyd beter indruk. As jy dit kan doen is dit aan te beveel. Kry vir jou 'n paar monterings wat jy altyd met al jou fotos kan gebruik.

**4.2 Vaardigheid. Ons het nie in Jan 'n afsonderlike Vaardigheidsaand nie. Tydens die kompetisie op 21 Jan sal daar ook 'n bespreking wees van : Hoe lyk 'n foto wat by 'n salon ingeskryf moet word?**

## 5. LEDEGELD 2025:

Ledegeld vir ons klub is baie bekostigbaar vir die jaar en ons is bly ons kon dit so laag hou.
Die lede geld vir 2025 is **R475 <u>per jaar</u>** per persoon**.**
Vir nuwe lede wat aansluit is daar eenmalige R50 p/persoon registrasiegeld by
Dit moet voor einde Januarie 2025 in die klub se rekening inbetaal word.
**Die bankrekening no. is:**

**ABSA**
**Tafelberg Fotografieklub**
**Spaar Rek no. 9149 8658 21**
**Verwysing: Naam, van en ledegeld**

- Indien daar enige persoon is wie se omstandighede moeilik is of dit graag wil afbetaal, praat asb. met die voorsitter – Juliane daaroor.

## 6. JAARAFSLUITING EN PRYSUITDELING

Ons jaarafsluiting was 30 November 2024 en dit was ʼn groot sukses. Fotos daarvan kan op facebook gesien word. Dit is deur 38 mense bygewoon. Lanklaas het ons so groot afsluitingsbyeenkoms gehad. Nicol en Trudie du Toit van PSSA en direkteur van Wes Kaap (PSSA) was ons gaste.
Tydens die byeenkoms is die volgende wenners aangekondig vir 2024

- **Voorsitterstoekennings**. Die voorsitter maak sekere toekennings vir verdienstelikheid om die fotografie en klubfunksionering te bevorder. Hy het die volgende sertifikate vir diens aan die klub toegeken:
  - Bestuur 2024 –
    Adriaan van Zyl (onder Voorsitter, Byeenkomste en Beoordelaars) Theo Potgieter (Tesourier), Kathy Smith (Funksies), Hendi Barnard (Photovault en TOP); Karen van Zyl (sekretaresse) en Juliane van Dyk (Uitstappies en Vaardigheid)
    "eintlik het elke lid van die bestuur met alles gehelp" – het die voorsitter genoem.
  - Mariana Visser- Salondirekteur

- **Beste Fotograwe van 2024**
  - Beste 1en 2 ster fotograaf: Anre Uys
  - Beste 3 ster Fotograaf: Kathy Smith
  - Beste 4 ster Fotograaf: Frank Smith
  - Beste 5 ster Fotograaf: Juliane van Dyk
  - Beste Meester Fotograaf van die jaar: Theo Potgieter

- **Fotograaf van die jaar** : Juliane van Dyk

- **Beste Foto van die jaar** 2 foto's is deur klublede aangewys (Gelyke stemming)
- Christo Giliomee " The rains in Africa" en Theo Potgieter " Waiting for the rain"

- **Beste Salonpunte** in klub vir die jaar: Christo Giliomee

**Verder was daar ook ander PSSA toekennings:**

- Beste Klub in die Wes Kaap (Impala jaar): Tafelberg Fotografieklub
- Beste Impala punte vir indiwidu in Wes Kaap: Christo Giliomee

- 3de plek in land vir Webtuiste van die jaar (PSSA)  Quintus Heine (Webmeester) en Tafelberg Fotografie klub
- Die volgende PSSA honours sertifikate is uitgedeel:
  Dixon Norval APSSA
  Frank Smith LPSSA
  Theo Potgieter DPSSA(Cls)
  Mariana Visser DPSSA

  **Baie geluk en baie dankie aan elke lid – Taflub is voorwaar 'n trotse klub!!**

  Daar is  'n dankwoord aan Quintus Heine (as uittredende voorsitter ) gerig deur Adriaan – namens klub en bestuur

## 7. LAASTENS

*My wense is dat elke lid van Tafklub 'n geseënde Kersfees sal beleef saam met hulle geliefdes. Neem jou kamera oral saam en neem al die mooi af! Dit sal jou gelukkig maak.*

*Mooi Loop!*

**Quintus Heine**